FIAP (International Federation of Photographic Art) bevorder die belange van fotograwe wêreldwyd  en PSSA (Photographic Society of South Africa) is met FIAP geaffilieer.

FIAP skryf jaarliks ‘n internasionale kompetisie uit waaraan alle Suid Afrikaanse klubs ook kan deelneem

Die 19de FIAP WORLD CUP FOR CLUBS se resultate is onlangs gepubilseer en die **Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging** is baie trots om sy resultate bekend te maak.

Klubs kon elk 20 fotos met slegs 2 fotos per fotograaf inskryf. Hierdie fotos is deur ‘n Europese beoordelaarspaneel beoordeel en punte is toegeken.

Vanderbjiparkse Fotografiese vereniging is as wen klub in Suid Afrika aangewys en het 43 ste uit 293 klubs wêreldwyd geeindig.

Van die beste fotos uit die klub was

- Early Rays – Henk Scheepers
- Mik vir die sandpatrys – Mietsie Visser
- Splash – Suzy Louw
- Playing with dinner – Chanel Enslin

‘n Fotobeeld sal eersdaag op www.fiap.net gepubliseer word.

Besoek ook www.pssa.co.za vir meer inligting oor hierdie en ander kompetisies.

Meer oor die fotografieklub: Lede en kuiergaste kom maandeliks op die 3rde Vrydagaand van elke maand by die Noord-Wes Universiteit, Vaal kampus byeen. Die volgende klubaand sal op 21 Februarie 2025 plaasvind met die interessante tema “Emosie” Kom kuier gerus.

Kontakpersoon: Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za
Besoek ons Facebook blad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub waar daar  gereeld interessante wenke opgelaai word.
Ons moderne en interessante webwerf www.vdbp-fotografie.org wys op gereelde basis die wenfotos en daar is ook baie inligting wat bekom kan word.